HOëRSKOOL OUTENIQUA

POSBUS 181, GEORGE 6530 • Tel: 044-874 4156 • faks: 086 635 7336 • http://www.outeniqua.co.za/

Nr 3/2011 2 Maart 2011

NUUSBRIEF

> AKADEMIE

Aangeheg is die eksamenrooster van die mini-eksamen wat op **Vrydag 18 Maart** begin. Baie sterkte met die voorbereidings vir die eksamen. Leerders moet vanaf 07:30 tot 13:00 by die skool wees. Normale skoolreëls geld.

> BEHEERLIGGAAMVERKIESING

2012 is weer verkiesingsjaar vir beheerliggame in Suid-Afrika. Om ‘n verkose ouer op die beheerliggaam te wees, moet ‘n ouer ‘n kind in die betrokke skool hê. Beheerliggame moet 7 verkose ouers op die beheerliggaam hê. Daar is ook twee verkose onderwysers en een verkose lid uit die ondersteuningspersoneel van die skool. Lede kan ook gekoöpteer word.

Danie Smit se termyn as lid van die beheerliggaam het as gevolg van dat hy nie meer ‘n ouer van die skool is nie ten einde geloop. Eerstens wil ons hom bedank vir die baie ure se werk en sy positiewe ingesteldheid teenoor die skool. Org van der Wath het vroeër in die jaar bedank omdat hulle na die Paarl verhuis het. Die behoefte wat bestaan is vir finansies en fisiese geriewe.

Daar moet dus ‘n tussenverkiesing vir lede van die beheerliggaam plaasvind. Die datum is **Woensdag, 23 Maart (18:30)** en indien daar nie ‘n kworum (245 ouers) teenwoordig is nie, sal die tweede verkiesingsdag die volgende Dinsdag, 29 Maart 2011 om 18:30 wees. Nominasievorms kan 7 dae voor die datum van verkiesing by mev. Austin afgehaal word.

Mnr. Johan Smit van Laerskool Outeniqua sal as kiesbeampte optree.

Sien die amptelike kennisgewing wat aangeheg is.

> NIFLAS KWAGGA GOLFDAG 17 MAART 2011

Ons prestige golfdag op die George-baan beloof om weer ‘n hoogtepunt te wees met ‘n eie oggendveld prysuitdeling en ‘n middagveld prysuitdeling (13:30 en 18:30)

4-balle is nog beskikbaar. Kontak Johan Botha by 082 573 5537

Oggend en middagveldpryswenners wen elk 2 koedoes (talle ander groot pryse wat insluit ‘n koopbewys van R100 elk van De Jagers).

HOËRSKOOL OUTENIQUA
EKSAMENROOSTER
MAART 2011

DATUM	TYD	GRAAD 12	GRAAD 11	GRAAD 10	GRAAD 9	GRAAD 8
Vrydag 18 Maart	TOT 10:00 TOT 13:00	Afrikaans Afrikaans Vraestel 111 ***	Engels Engels Vraestel 111 ***	Lewensoriëntering Engels Vraestel 111 ***	EBW	Wiskunde
Dinsdag 22 Maart	TOT 10:00 TOT 13:00	FW / Besig / Ontwerp	Lewenswetenskap	Aard/VS/Drama /IT en RTT Prak	Tegnologie	EBW
Woensdag 23 Maart	TOT 10:00 TOT 13:00	Gasvryheidstudies Engels Vraestel 111 ***	Wiskunde / WG	Afrikaans Afrikaans Vraestel 111 ***	Geskiedenis Aardrykskunde	Kuns VK/Dra/Dans/MO
Donderdag 24 Maart	TOT 10:00 TOT 13:00	Rekeningkunde	RTT / IT Prakties Afrikaans Vraestel 111 ***	Visuele Kuns Gasvryheidstudies	Afrikaans 1	Engels
Vrydag 25 Maart	TOT 10:00 TOT 13:00	IT Prakties / RTT Prakties Aard/VS/Drama/ IT / RTT	Toer / Ekon / IG / VK	Lewenswetenskap	NW	Tegnologie
Maandag 28 Maart	TOT 10:00 TOT 13:00	Wiskunde / WG	FW / Besig / Ontwerp Lewensoriëntering	FW / Besig / Ontwerp / Gesk Engels	Engels LO	Afrikaans 1 NW
Dinsdag 29 Maart	TOT 10:00 TOT 13:00	Engels	Rekeningkunde	RTT / IT Teorie Toer / Ekon / IG /	Kuns VK/DK/MK/Dra/Dans/MO	Aardrykskunde Geskiedenis
Woensdag 30 Maart	TOT 10:00 TOT 13:00	Ekon / Toer / IG / VK	Gasvryheidstudies Aard / VS / Drama / RTT / IT	Rekeningkunde	Wiskunde	LO
Donderdag 31 Maart	TOT 10:00 TOT 13:00	Lewenswetenskap Lewensoriëntering	Afrikaans	Wiskunde / Wisk. Geletterdheid	Engels 3	Engels 3

KENNISGEWING VAN NOMINASIE- EN TUSSENVERKIESINGSVERGADERING

VERKIESING VAN OUERS VAN LEERDERS AS LEDE VAN BEHEERLIGGAAM

(MAATREËLS 9, 12, 13, 14, 15 EN 16 VAN DIE MAATREËLS BETREFFENDE BEHEERLIGGAME VAN OPENBARE SKOLE)

NAAM VAN SKOOL: HOËRSKOOL OUTENIQUA

Kennis geskied hiermee dat 'n vergadering vir die nominasie van kandidate vir die verkiesing van twee ouers as lid van die beheerliggaam vir bogenoemde skool, op WOENSDAG, 23 MAART 2011 om 18:30 (6.30NM) by Hoërskool Outeniqua skoolsaal gehou sal word. Daar sal om 18:30 (half sewe) op die aand van die nominasie- en verkiesingsvergadering bepaal word of 'n kworum stemgeregtigde ouers teenwoordig is. Ouers word dus versoek om voor 18:30 (half sewe) teenwoordig te wees.

'n Kandidaat kan ook genomineer word deur 'n nominasievorm, behoorlik voltooi deur die voorsteller, sekondant en kandidaat, nie meer nie as sewe dae, en nie minder nie as 24 uur, voor die aanvang van bogenoemde vergadering by die kiesbeampte in te dien. Nominasies sal vir hierdie doel vanaf16 MAART 2011tot 18:30 op 22 MAART 2011 by die skool aanvaar word.
(Nominasievorms is by die prinsipaal verkrygbaar).

Indien meer kandidate genomineer word as die twee lede wat verkies moet word, sal daar onmiddellik tot stemming oorgegaan word.

28 FEBRUARIE 2011
DATUM

.....
HANDTEKENING VAN KIESBEAMPTE

ADRES: Posbus 1086
GEORGE
6530

L.W. Daar moet 'n kworum wees alvorens tot stemming oorgegaan kan word. Daar moet 15% (245) of meer van die leerdertal se ouers teenwoordig wees vir 'n kworum.

Ons doen 'n ernstige beroep op ons ouers om asseblief te kom stem. Ons maak staat op u en ons ouers se ondersteuning.

INLIGTING IN VERBAND MET VERKIESING

1. SAMESTELLING VAN BEHEERLIGGAAM

(a) Die beheerliggaam bestaan uit -

(i) sewe ouers wat nie by die skool in diens is nie en, in die geval waar daar die leerderlede soos in subparagraaf (a)(iv) bedoel, op die beheerliggam dien nie, vyf ouers verkies deur ouers van leerders by die betrokke skool;
(ii) twee opvoeders by die skool verkies deur opvoeders in diens by die betrokke skool;
(iii) een nie-opvoeder by die skool verkies deur personeellede in diens by die betrokke skool wat nie opvoeders is nie;
(iv) twee leerders in die agste graad of hoër verkies deur die verteenwoordigende raad van leerders uit eie geledere;
(v) die prinsipaal
(vi) die eienaar van die eiendom waarop die skool gevestig is of sy of haar genomineerde, indien gekoöpteer op die beheerliggaam van 'n skool, sonder stemreg.
(vii) sodanige lid of lede van die gemeenskap sonder stemreg (hoogstens ses lede) as wat deur die beheerliggaam gekoöpteer kan word; en

(b) Die meerderheid van die lede van die beheerliggaam moet stemgeregtigde ouers wees.

2. NOMINASIES VAN OUERLEDE

(a) Elke kandidaat moet deur 'n stemgeregtigde in paragraaf 4 bedoel voorgestel en deur 'n ander stemgeregtigde gesekondeer word. 'n Stemgeregtigde wat 'n kandidaat voorstel of sekondeer, moet homself of haarself oortuig dat die kandidaat bevoeg is om tot lid verkies te word.
(b) 'n Nominasievorm moet ten opsigte van elke kandidaat voltooi word. Hierdie vorms is voor die vergadering by die prinsipaal verkrygbaar en sal ook by die vergadering beskikbaar wees.
(c) Die kiesbeampte bepaal die tyd wat tydens die nominasie- en verkiesingsvergadering vir die nominasie van kandidate toegelaat word, en stel die vergadering daarvan in kennis; en
(d) 'n Ouer-kandidaat mag nie homself of haarself nomineer nie.

3. DISKWALIFIKASIE VAN LEDE

'n Kandidaat is onbevoeg om as lid van 'n beheerliggaam verkies of aangestel te word indien hy of sy -

(a) te eniger tyd skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor hy of sy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is vir 'n periode langer as ses maande of nog nie die volle tydperk van sy of haar gevangenisstraf uitgedien het nie of tensy algehele kwytskelding aan hom of haar verleen is of die termyn van sy of haar gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar verkiesing as lid van so 'n liggaam verstryk het;
(b) geestesongesteld is en deur 'n bevoegde hof aldus verklaar is;
(c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is; of
(d) in die geval van 'n ouerlid, nie 'n kind as ingeskrewe leerder by die betrokke skool het nie.

4. STEMREG

(a) Elke ouer van een of meer leerders op die register van 'n skool ten tyde van die verkiesing van lede van 'n beheerliggaam vir sodanige skool, is geregtig om by sodanige verkiesing te stem en slegs sodanige ouers sal tot die stemlokaal toegelaat word.
(b) Iemand wat nie die natuurlike ouer is nie, maar 'n persoon in wie se sorg een of meer leerders in paragraaf 4(a) beoog, wettig geplaas is, is geregtig om by sodanige verkiesing te stem; en
(c) Iemand wat geregtig is om te stem, het een stem ten opsigte van enige besondere kandidaat; Met dien verstande dat die totale getal stemme van so iemand nie die getal lede wat verkies moet word, oorskry nie.

5. ALGEMEEN

Die prinsipaal kan sodanige bykomende inligting by hierdie bylae insluit wat hy of sy nodig mag ag vir die gladde verloop van die verkiesing soos, byvoorbeeld, die belangrikheid van ouerdeelname.